Tel: 021 554 1290
Faks: 086 591 5147
ngkblouberg@mweb.co.za
www.ngkbloubergstrand.co.za

NG Kerk Bloubergstrand
ABSA Tjek rek nr: 327 014 0539
Takkode: 334409
Snapscan Kode

10 September 2017

Eredienste:

08h30: Ds Marietjie Steyn (2 Sam 7)
10h00: Ds Marietjie Steyn (2 Sam 7) *Kom drink koffie saam met ons na die diens in die kerksaal.*
17h30: Ds Elmarie Dercksen (Luk 18)
19h00: Ds Elmarie Dercksen (Luk 18) *Kom drink koffie saam met ons na die diens in die kerksaal.*

DEURKOLLEKTE: 17 Sept 2017 – Kaleidoskoop SA (voorheen Nasionale Instituut vir Blindes)

Nuwe Intrekkers: Kom sê "hallo" vir ons in die konsistorie na die diens.
Gebedsversoeke: 082 451 3312 – SMS of W*hatsapp*
Ds Thinus: thinus@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie: marietjie@ngkbloubergstrand.co.za
Selgroepe: Pieter Myburgh – pietermyb@gmail.com
Ds Elmarie: elmarie@ngkbloubergstrand.co.za

JONG WERKENDE SELGROEP

Hier in die tweede deel van die jaar is ons bevoorreg om weer 'n nuwe jongwerkende selgroep te begin. As jy dus nuut is by ons of dalk net nog nooit van te vore tyd gehad het om in te skakel nie of as jy sommer nuuskierig is, kom kuier saam met ons! As jy belangstel, kontak vir Marietjie sommer vandag nog by marietjie@ngkbloubergstrand.co.za of 083 461 1220.

ENCORE UITSTAPPIE

Hierdie jaar op Woensdag 11 Okt, mik ons in Darling se ringting, my darlings! Ons gaan die museum besoek vir 'n kykie in die verlede, en dan bier proe by die Darling Brouerye. (Wyn is ook beskikbaar). Kaartjies is te koop na die 10:00 diens, R220pp. Navrae: Marie Blanckenberg 083 747 1661.

BINGO

Huis Zonnekus se bejaardes geniet elke week se Bingo verskriklik baie en is so dankaar vir die lekkernye wat daarmee gepaard gaan! Daarom wil ons graag weer vra vir enige skenkings van klein sjokolades, klein pakkies koekies, malvalekkers, stringe skyfies, ens. Dit kan by die kerkkantoor gelos word. Navrae: Sandra Alberts 072 218 7272

JUNIOR JEUG PROGRAM

10 Sept	Lessie 22	17 Sept Foundation backbone uitreik	24 Sept Langnaweek
29 Sept	Skole sluit	2-4 Okt #ImagineKiz	09 Okt Skole begin
15 Okt	Groot Groep		

PREEKBEURTE

T – Thinus Britz E – Elmarie Dercksen M – Marietjie Steyn

	08h30	10h00	17h30	19h00	Opmerkings
17/09/2017	T	T	M	M	Deurkollekte: Kaleidoscope SA (Instituut vir Blindes)
24/09/2017	T	T	-	E	Finalejaarskamp; Erfenisdag
01/10/2017	M	AB	T	T	Doop 10:00; Ds Andries Botha
08/10/2017	E	E	M	M	
15/10/2017	E	E	T	T	

NASIONALE WEEK VIR OUER PERSONE

Die Nasionale Week vir Ouer Persone is 25 September tot 1 Oktober en ons wil daardie week graag op ons ouer lidmate fokus. Daarom het ons ‘n spesiale oggend beplan op Woensdag 27 September om 10:00, ‘n spesiale oggend om saam met die gemeente se ouer persone te vier! Almal is welkom om dit by te woon, ons begin sommer om lekker tee en verversings saam te geniet. Daarna het ons ‘n vraag en antwoord sessie wat deur dominees Andries Botha & Thinus Britz hanteer gaan word. Hierdie is dus ‘n geleentheid om enige algemene vrae te stel. Kontak asb vir ds Thinus as jy iets op jou hart het, sodat die sprekers genoeg tyd het om hulself voor te berei. Ds Andries sal ook die erediens op Sondag 1 Oktober om 10:00 waarneem.

BMD
BLOUBERGSTRAND
MAATSKAPLIKE DIENSTE